


ENSO AKADEMIE



JAARBLAD 2026



ONS EERSTE HOOFSTUK

ELKE VERHAAL HET 'N BEGIN, EN 2026 SAL ALTYD ONTHOU WORD AS DIE JAAR WAARIN ENSÕ AKADEMIE SE EERSTE HOOFSTUK GESKRYF IS

Die verhaal het egter reeds vroeër begin. Op dieselfde terrein waar ENSÕ vandag groei, het Tannie Louise van Vuuren Knikkie Knakkie Kleuterskool met liefde en toewyding opgebou. Nadat Knikkie Knakkie deel van die MOS-familie geword het, het 'n nuwe droom begin vorm aanneem: 'n Afrikaanse hoërskool, reg langsaan.

'N SKOOL WAAR OPVOEDING OOR MEER AS NET AKADEMIE SOU GAAN EN WAAR DRIE EENVOUDIGE VRAE RICHTING SOU GEE:

WIE IS EK? WAAR BEHOORT EK? HOE DRA EK BY?

Met dié visie het ENSÕ in 2026 sy deure oopgemaak. Ons wou 'n plek skep waar elke leerder eerste as mens raakgesien word en waar daar ruimte is om te leer, te probeer, te ontdek en hul eie stem te vind.

Ons het gou geleer dat 'n nuwe skool nie net met lessenaars, roosters en vakke gebou word nie. Dit word gebou deur mense - in die eerste gesprekke, nuwe idees, klein tradisies, uitdagings, lag en die moed om saam iets nuuts te probeer.

Ons eerste jaar het ons visie net verder bevestig:

ENSÕ bestaan nie om vir jongmense te sê wie hulle moet wees nie. Ons wil saam met hulle ontdek wie hulle is en wie hulle besig is om te word.

Ons is nog maar aan die begin, en daar is baie hoofstukke wat nog geskryf moet word.

MAAR 2026 WAS DIE JAAR WAARIN 'N DROOM 'N PLEK GEWORD HET, 'N PLEK STADIGAAN 'N TUISTE BEGIN WORD HET, EN ENSÕ SE VERHAAL WERKLIK BEGIN HET.





GEDENK MANIFES



**ONS VERKLAAR MET DANKBAARHEID EN OORTUIGING DIE
AMPTELIKE OPENING VAN ENSŌ AKADEMIE.**

MET HIERDIE ONDERTEKENING VERBIND ONS ONSSELF

DAARTOE OM:

- 'N LEEROMGEWING TE SKEP WAAR ELKE LEERDER GESIEN, GEHOOR EN WAARDEER WORD;
- AKADEMIESE UITNEMENDHEID NA TE STREEF SONDER OM KARAKTER, KREATIWITEIT EN ROEPING UIT DIE OOG TE
- VERLOOR;
- MET INTEGRITEIT, DEERNIS EN VERANTWOORDELIKHEID TE LEI;
- 'N GEMEENSKAP TE BOU WAAR SAMEWERKING, RESPEK EN GROEI SENTRAAL STAAN;
- JONGMENSE TOE TE RUS OM GROOT TE DROOM, ANDERS TE DINK EN MET MOED TE BOU.

**ONS ERKEN DAT ONDERWYS 'N ROEPING IS,
DAT ELKE KIND 'N UNIEKE GAWE DRA,
EN DAT HIERDIE AKADEMIE NIE NET 'N PLEK VAN LEER NIE,
MAAR 'N RUIMTE VAN HOOP, FORMING EN TOEKOMSBOU IS.**

**MAG ENSŌ AKADEMIE 'N SIRKEL VAN GROEI WEES –
WAAR KENNIS GEDEEL WORD,
WAARDES GEVESTIG WORD
EN LEWENS DOELGERIG GEVORM WORD.**





SKOOLIED

EN SO, BEGIN ONS ELKE OGGEND,
MET HARTE OOP EN DROME WAT NOG GROEI.
HIER VIND EK MY STEM, MY TAAL, EN MY MENSE,
EN EK ONTDEK: EK IS GENOEG, NET SOOS EK IS.

EK KYK NIE NEER NIE — EK BOU OP,
EK STAP MY PAD MET RESPEK.
EK WEET EK KAN, WANT EK WEET WIE EK IS!

KOOR:

EN SO, EN SO, EN SO MAAK ONS MOS BY ENSO!
HIER LEER EK LEEF, HIER LEER EK DROOM, EN WORD MY BESTE SELF
EN SO, EN SO, EN SO MAAK ONS MOS BY ENSO!
WANT EK IS VOLMAAK, IN MY ONVOLTOOIDHEID

HIER LEER ONS DINK, OM BUITE DIE BOKS TE SPRING,
OM NUWE PAAIE SAAM TE BEGIN.
ONS DEEL ONS VRESE, ONS STORIES, EN ONS DROME —
WANT HIER BOU ONS MEKAAR, NIE NET ONSSELF.


KOOR:

EN SO, EN SO, EN SO MAAK ONS MOS BY ENSO!
ONS BOU DIE TOEKOMS SAAM, ONS IS TROTS OP WIE ONS IS.
EN SO, EN SO, EN SO MAAK ONS MOS BY ENSO!
WANT ONS IS VOLMAAK, IN ONS ONVOLTOOIDHEID



VAN DROOM TOT WERKLIKHED

EERSTE OUELAAND



EERSTE AMPTELIKE SIRKEL
VAN GROEI IS GEHOU IN
JANUARIE IN DIE VORM
VAN 'N BRING EN BRAAI
WAAR ENSÛ SE DROOM
MET OUEERS GEDEEL IS.

AMPTELIKE OPENING



16 FEBRUARIE
2026
ENSÕ
AKADEMIE
SKOOLSAAL





DIE
GEDENKMANIFES
WORD
ONDERTEKEN



SPESIALE GASTE
SLUIT IN
ROEDOLF VAN
DER
WESTHUIZEN
EN DR ELOFF


OPEDAG

13 MEI IN DIE VORM VAN 'N SKATTEJAG



ENSO HARMONIE

SATERDAG
6 JUNIE
ENSÕ AKADEMIE
SKOOLSAAL



‘N KREATIEWE MUSIEK
EN
BEWEGINGSERVARING
VIR DIE HELE GESIN

LENTE TALENTE



3 SEPTEMBER

ENSÕ AKADEMIE IS BEVOORREG OM 'N BESONDERE GEMEENSAP VAN
LEERDERS ÉN OUERS MET SOVEEL UNIEKE GAWES, TALENTE EN VERMOËNS
TE HÊ.

GEMEENSKAPSPROJEKTE

LEERDERS BESOEK KNIKKIE KNAKKIE MET SAKKE VOL PAASEIERS



LEERDERS BESOEK DIE INTERNATIONAL PRIMATE RESCUE



EEN JAAR. DUISEND HERINNERINGE

WAT MARIZÉ SAAM MET HAAR
NEEM VAN 2026 IS DIE WAARDE
VAN NUWE VRIENDE MAAK.



ANKE-MARI SÊ DIT SOOS DIT IS: EK SAL FOR SURE
AL DIE KERE WAT ONS LEKKER SAAM GELAG HET
ONTHOU, EN TOE ONS GEBRAAI HET.



STIAAN DEEL SY ENSÕ GEDAGTE: EK SAL ALTYD
ONTHOU HOE ONS LEKKER KUIER IN POUSE EN
DIE LEKKER TYE WAT ONS SAAM GEHAD HET.





MICHAEL SE 2 SENTE: EEN DING WAT EK
ALTYD SAL ONTHOU VAN ENSÕ AKADEMIE IS
DIE CHECK INS IN DIE OGGEND EN HOE ALMAL
HULLE NAWEEK VERTEL.



VIR SINTI IS DIE UBUNTU UITDAGING EN
LENTE TALENTE TWEE GELEENTHEDE WAT
SY ALTYD SAL ONTHOU. IN HAAR EIE
WOORDE: "DIT WAS VREESLIK LEKKER"



SAAM HET ONS BEGIN

Marizé sê dit soos dit is:



Sinti dankie vir die persoon wat
jy is en vir ons vriendskap.
Stiaan, dankie vir die persoon
wat jy is.

Dankie dat jy altyd daar is.
Mighael, Thx for being cool.
Anke-Mari, dankie vir die laaste
twee kwartale.

VAN STIAAN, AAN ONS:

Mighael, Dankie dat jy ons altyd so laat lag. Sinti, Dankie.
Anke-Mari dankie dat ons jou red bull kan skud en in die
vrieskas los vir ure. Marizé dankie vir al die lekker tye saam
dankie vir die vooreg om jou te ken.

MICHAEL DEEL SY GEDAGTES:

Daar is 2 tipe mense in
die wêreld : mense wat
bome plant en die wat
bome af kap.
jy kies wie jy is.


'N BOODSKAP VAN SINTI:

Dankie vir die lekker
tye. Hoop julle
onthou die jaar vir
al die goeie
oomblikke!



ANKE-MARI SE STEM:

You have no fate
but what you make



INDIVIDUELE SKOOLFOTO'S



STIAAN VAN TONDER



SINTI MARÉ



MICHAEL WILLEMSE



MARIZÉ SCHROEDER



ANKE-MARI KOEKEMOER

SKOOLFOTO'S



GROEI 30 PERFEKSIE

AKADEMIESE
WAARDERING MOS



SINTICHÉ MARE

AFRIKAANS
EBW
SKEPPENDE KUNS
SW
WISKUNDE

MARIZÉ SCHROEDER


DRAMA
EBW

ANKE-MARI KOEKEMNOER

KUNS
WISKUNDE



MUSIEK



MARIZÉ SCHROEDER

MUSIKALE ORGANISEERDER

SY LOVE 'N PLAN, SY SAL SEKER MAAK DAT ALMAL WEET WAT HULLE ROL IS. 'N
REGTE LEIER!

STIAAN VAN TONDER

RITMIESE LEGEND!

HET 'N NATUURLIKKE AANVOEL VIR RITME EN DROMME. HY VAL BAIE VINNIG
IN MET NUWE LIEDJIES EN KRY MOEILIKE RITMES WAT NIE VIR BEGINNERS
BEDOEL IS NIE REG! LEGEND!

SINTI MARÉ

NEDERIGE PIANIS.

SY SAL NOOIT ERKEN HOE GOED SY EINTLIK IS NIE, EK KAN VIR HAAR IETS
NUUTS GEE, DAN STRES SY, DAN BAM.. KRY SY DIT REG. AS ALWAYS!

ANKE-MARI KOEKEMOER

BEST NEW COMMER

NOG HEELTEMAL NUUT IN ONS KLAS, MAAR SO GEREED OM ALLES AAN TE PAK
WAT ONS DOEN!

MICHAEL WILLEMSE

LAID BACK STRUMMER

GELUKKIG OM MAAR NET “GO WITH THE FLOW” TE WEES – HY IS ALTYD
BEREID OM ENIGIETS AAN TE PAK EN DOEN DIT MET ABSOLUTE PASSIE EN
ENTOESIASME!

DRAMA

**DIE VOLGENDE LEERDERS
ONTVANG CERTIFIKATE VIR
DEELNAME:**

**MICHAEL WILLEMSE
STIAAN VAN TONDER
MARIZÉ SCHROEDER
ANKE-MARI KOEKEMOER**



**SPESIALE TOEKENNING VIR
BESTE VORDERING:**

MICHAEL WILLEMSE

TAFELTENNISLIGA



STIAAN VAN TONDER

HANDJIETENNISLIGA



STIAAN VAN TONDER


GOLF

**DIE VOLGENDE LEERDERS ONTVANG
SERTIFIKATE VIR AFRIGTING EN
VORDERING:**

**MARIZÉ SCHROEDER
STIAAN VAN TONDER
MICHAEL WILLEMSE**



SKYFSKIET



MARIZÉ SCHROEDER



LEERDER KEUSE TOEKENNINGS

ANKE-MARI KOEKEMOER

COOLSTE KLASMAAT
ENERGIE-DRANKIE
INFLUENCER

SINTI MARÉ

COOLSTE KLASMAAT
BESTE DANSPASSIES

MARIZÉ SCHROEDER

COOLSTE KLASMAAT
SKOOLHOOF
DRAMATIESE PERSOONLIKHEID
FOTOGENIES

STIAAN VAN TONDER

COOLSTE KLASMAAT
VREDE MAKER
HOEKOM?
MEME TE GEBRUIK
ALLES RAAK TE SIEN

MICHAEL WILLEMSE

COOLSTE KLASMAAT
ONVERWAGSE ANTWOORDE
POSITIEWE ENERGIE
PROBLEEMOPLOSSER
MAAR JUFFROU?

PERSONEEL TOEKENNINGS

AKADEMIESE UITNEMENDHEID

SINTI MARÉ

DISSIPLINE EN SELFBEHEER TOEKENNING

SINTI MARÉ

KRITIESE DENKER TOEKENNING

MICHAEL WILLEMSE

OMGEE EN MEDEMENSLIKHEID TOEKENNING

MARIZÉ SCHROEDER

POTENSIAAL TOEKENNING

ANKE-MARI KOEKEMOER

RESPEK TOEKENNING

STIAAN VAN TONDER

SERTIFIKAAT ENTREPRENEURSKAP

SINTI MARÉ

MARIZÉ SCHROEDER

ANKE-MARI KOEKEMOER

SERTIFIKAAT VIR KREATIWITEIT

SINTI MARÉ

MARIZÉ SCHROEDER

UITSTAANDE REDENAARS TOEKENNING

MICHAEL WILLEMSE

ANKE-MARI KOEKEMOER



UBUNTU UITDAGING



12 SEPTEMBER

"EK IS OMDAT ONS IS."

OM SAAM TE BOU.

OM SAAM TE LAG.

OM SAAM TE GROEI.

UBUNTU UITDAGING HOOF 3ORGE



Shadowmatch®



virida
DAY HOSPITAL



ENSOAKADEMIE.CO.ZA



ONS. ONS STORIE. ONS ENSO

WANNEER EK TERUGKYK NA ENSÕ SE EERSTE JAAR, IS DIT MOEILIK OM NET DIE GROOT OOMBLIKKE RAAK TE SIEN. WANT TUSSEN DIE EERSTE SKOOLDAG, KONSERTE, PROJEKTE, UITDAGINGS EN PRESTASIES LÊ DIE DEEL VAN ONS STORIE WAT VIR MY DIE KOSBAARSTE GEWORD HET: **DIE KLEIN OOMBLIKKE TUSSEN MENSE.**

Die gesprek rondom 'n tafel. Die leerder wat iets gewaag het wat hy nie gedink het hy kon doen nie. Die lag wat deur die gange trek. Iemand wat 'n ander raaksien. 'n Idee wat sommer in 'n gesprek ontstaan en later iets besonders word.

Dit is in hierdie oomblikke wat ENSÕ stadigaan meer as net 'n skool begin word het.

ONS HET HIERDIE JAAR BAIE GELEER. ONS HET DINGE PROBEER WAT GEWERK HET, EN ANDER WAT ONS WEER ANDERS SAL DOEN. **ONS HET GEGROEI, AANGEPAS, GEVRA, GELUISTER EN SAAM ONTDEK.**

Maar miskien is die belangrikste ding wat hierdie eerste jaar vir my bevestig het, dat ons nie alles klaar hoef te weet om met moed vorentoe te beweeg nie.

Wanneer ek na die toekoms kyk, hoop ek daarom nie dat ENSÕ eendag 'n "voltooide" skool sal wees nie. Ek hoop ons bly nuuskierig. Dat ons bly luister. Dat ons nuwe dinge bly probeer. Dat ons nooit so besig raak met waarheen ons op pad is dat ons die mense langs die pad miskyk nie.

AAN ELKE LEERDER, OUER, ONDERWYSER EN MENS WAT DEEL WAS VAN HIERDIE HEEL EERSTE HOOFSTUK: **DANKIE DAT JULLE SAAM MET ONS BEGIN SKRYF HET.**

Ons storie is nog jonk.

Ons ENSÕ is nog besig om te word.

EN DALK IS DIT PRESIES SOOS DIT MOET WEES.






WAT IS MOS ?

Moedertaal in Onafhanklike Skole, of te wel Die MOS Inisiatief, 'n privaat maatskappy gebore op 5 Julie 2019 uit die Trust vir Afrikaanse Onderwys (TAO), fokus op die ontwikkeling van 'n skolenetwerk om uitmuntende, wêreldklasonderrig in Afrikaans te verseker en uit te bou.

Ons groep se bestaansreg is daarin vasgevang om 'n innoverende, inklusiewe, toeganklike, volhoubare en toekomsgerigte leerstelsel in Afrikaans te bou, waar kinders so verlief raak op leer dat hul lewenslange leerders sal wees en verby die vierde nywerheidsrewolusie sal floreer.

Ons skep 'n netwerk van volhoubare, enkelmedium, onafhanklike Afrikaanse skole wat regoor Suid-Afrika bedryf word – oop vir almal, bekostigbaar en met hoë standaarde en innoverende leer. Ons skole sluit preprimêre, primêre en sekondêre fases in. Ons fokus lê dus juis dáár waar voldoende Afrikaanse skole met kwaliteit onderrig ontbreek.



ENSŌ

AKADEMIE

WWW.ENSOKADEMIE.CO.ZA